## 24 September - ROEP

**Skrifgedeelte: Psalm 142**
**Fokusgedeelte: Psalm 142:2-3**

Die psalmdigter se gedig is waarskynlik in die grot van Adullam gemaak (1 Sam 22:1). Ook hier lees ons van die verskriklikheid van die effek wat valsheid, korrupsie en vals aanklagte kan hê. Hy kruip weg. Hy voel verlore. Hy het niemand rondom hom wat bereid is – of in staat is – om te help nie.

God wat getrou is, is die enigste adres tot Wie ons kan roep. In God is ons lewe gewaarborg en in alle omstandighede is Hy vir ons 'n toevlug. Selfs al sou dit gebeur dat die regverdige vervolg en aangekla word, kan ons weet dat die Here ons sal beskerm.

Vanweë die sonde verdien ons nie om beskerm te word nie, maar in sy groot genade het die Here sy Seun gestuur. In sy verlossing en versoening het Christus Self die swaarste van alle swaar – Godverlatenheid – gedra sodat ons nooit weer deur God verlaat sou word nie.

Ons kan na die Here roep om hulp en Hom smeek om sy genade, maar dan moet ek dit in die geloof doen; geloof wat deur die Heilige Gees in die wedergebore kind van God se hart gewek word. God gee sy Heilige Gees aan ons om ons te lei sodat ons selfs in die heel moeilikste omstandighede ons "klag voor God kan uitstort" – uitstort, wat beteken dat ek niks terughou nie en alles vir God vertel en Hom vertrou.

Ons kan roep tot God om hulp. Hy is ons toevlug. By Hom het ons in Christus, deur die werk van die Heilige Gees, die lewe. Ons lewe moet getuig van God se genade.

*Sing: Psalm 33:11* *Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)*